e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

20 Maart 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 7

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die Grimm-broers, die kerk en die huwelik

Wie het nie grootgeword met die sprokies van Grimm nie? Hansie en Grietjie, Sneeuwitjie, Aspoestertjie en baie meer. Die inhoud van hierdie sprokies het in 'n sekere sin 'n grimmige vertellyn. Die storielyne vertel van stiefma's en hekse.

Die grimmigheid in die Grimm-sprokies was nogal doelbewus so beplan. Die Romantiese Tyd van die 19de eeu is gekenmerk deur die morele verval van die samelewing. Sowel die Protestantse as die Rooms-Katolieke Kerk was besorg oor hierdie morele verval en in die besonder oor die miskenning van die huwelik. Vir al die kerke was die morele agteruitgang van die huwelik 'n ernstige krisis.

Toe verskyn die Grimm-broers, Jacob (1785-1863) en Wilhelm (1786-1859), op die toneel. Volgens oorlewering het die Rooms-Katolieke Kerk hulle gevra om verhale te bedink wat die verval van die huwelik kon help omkeer. Hoe waar hierdie oorlewering is, is nie seker nie, maar die Grimm-broers was wel verantwoordelik vir baie stories oor stiefma's en hekse. Daardie stories het die psige van die gemeenskap in 'n sekere sin subtiel begin verander.

Die motivering daaragter was glo dat pa's die boodskap moes kry dat hulle nie van hul vrouens moes skei of van hulle vervreem raak nie, sodat die kinders nie deur ander vrouens grootgemaak moes word nie. So het hulle 'n kultuur begin vestig om gebroke huwelike te probeer teëwerk en gesonde gesinsverbande te vestig.

Sedert die 1960's se vrye-liefde-en-vrede-beweging het baie waardes in die samelewing begin verander. Hierdie stroom van veranderde denke het die kerk ook getref. David Carlin skryf in sy boek *Homosexualism versus Catholicism* dat die kerk baie lidmate vervreem het deur inkonsekwente standpunte en die toepassing van beleid. Sy argument kan nie heeltemal misgekyk of net onder die mat ingeskop word nie.

Die huwelik is en bly 'n belangrike pilaar in die samelewing en het 'n groot invloed op die morele denke van enige gemeenskap. Die hedendaagse klem op menseregte het natuurlik gelei tot 'n nuwe bewusmaking van waardigheid en vervulling binne die ruimte van die huwelik. As 'n mens nou net eensydig sou wou omsien na die bevryding van, gelyke regte vir of selfvervulling by die vrou, gooi ons weer die kind met die badwater uit.

Natuurlik kan geen huwelik gelukkig wees wanneer daar onderdrukking van die een of ander aard in die huweliksverhouding is nie. Sekerlik kan geen huwelik veilig voel wanneer die een party die ander beseer, aftakel of verneder nie, ongeag of dit met verbale of fisiese konflik geskied. As 'n mens hierdie soort sondes in die huwelik kan uitskakel, bestaan daar eenvoudig nie 'n beter of mooier alternatief vir die huwelik nie.

Die kerk het nodig om weer vir haar gemeenskap stories te vertel. Grimmige stories oor hekse en stiefma's is nie nodig nie. Verhale oor die sekuriteit en geborgenheid wat koesterende liefde en wedersydse respek in die huwelik bring, en hoe daardie beginsels weer gevestig kan word om alle partye gelukkig te maak, is nodig. Veral in 'n gemeenskap waar die funksionering van enkelouers meer en die voorbeeld van getroude ouers minder word, het die kerk se werk groter geraak. Die mens is nie geskape om alleen te wees nie.

Die storie wat die kerk te vertel het, is die norme wat die evangelie van Christus gebring het om mense na God te bring. Die evangelie van Christus verkondig immers wedersydse liefde en respek, wat ook vir die huwelik geld. Kom ons gaan leer hóé om hierdie evangelie ook in die huwelik toe te pas.

Ds Neels van Tonder, Buffelspoort



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Elsie Boonstra**, die Kerk se mediese konsultant, **se moeder** is op Vrydag 7 Maart oorlede. Ons innige meegevoel gaan aan Elsie en hul familie.

- Lidmaat **Rickus Kruger** van Delmas **se vader** is in Ellisras oorlede. Die buitengewone reën het ook daar chaos veroorsaak. As gevolg van onbegaanbare paaie moes die begrafnis in uiterste moeilike omstandighede plaasvind. Sommige familielede is met trekkers en sleepwaens in en uit gery terwyl van die naaste familie per helikopter van en na die plaas vervoer is. Lesers kan gerus kennis neem van die **Rampfonds** wat beskikbaar is vir lidmate wat skade gely het gedurende die onlangse vloede in **Limpopo**. Navrae vir hulp kan aan die ADV se kantoor gerig word by 012 322 8885 x221 of per e-pos aan **diens@diakens.co.za**. Lidmate wat wil bydra tot die fonds kan so maak by Raad van Finansies, ABSA, tjekrekening nommer 020 000 287, takkode 632005, verwysing 16 RAMP.

Ds Aniena Prinsloo

- **Ds Aniena Prinsloo**, wat aan die einde van 2013 haar teologiese studies voltooi het, is op 26 Januarie deur dr André Ungerer in **Gemeente Klerksdorp-Doringkruin** georden, waarna sy haar intreepreek gelewer het. Sy is na die gemeente beroep as deeltydse leraar met die opdrag jeugbediening.

- In die 2014 *Almanak* word aangedui dat **Gemeente Durban-Suid** se standplaas tans vakant is. Emerituspredikant **prof Bieks Beukes** behartig egter al die predikantspligte en kan gekontak word by **beukesm@telkomsa.net**, 031 466 3636 of 072 036 4960.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Wanneer jy met ouer persone 'n gesprek wil voer, skakel die radio, televisie en ander elektriese apparate soos ketels en waaiers af. In restaurante of by sosiale byeenkomste, kies sit- en staanplekke weg van die lawaaierigste areas. Agtergrondgeluide het 'n groot invloed op hoe goed of sleg mense mekaar hoor. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- Die Kommissie van die AKV het die besluit van die 70ste AKV bevestig dat predikante wat vir 'n **besondere opdrag** benoem is, in gemeentes **bevestig moet word**.

- **Die Kommissie van die AKV het by sy vergadering gehou op 6 en 7 Maart die volgende besluite geneem:**

  - **Dr Christo Pretorius** word in lyn met die stemming van die 70ste AKV aangewys as lid van die Kuratorium (Ordinansie 2.1.1.1) na die bedanking van dr Johann Beukes.
  - Die Kommissie neem met dank kennis van **prof Johan Buitendag** se aanstelling as dekaan van die Fakulteit Teologie (UP) vir 'n volgende termyn.
  - **Dr Wim Dreyer** word in die vyfde pos van die NHKA by die Universiteit van Pretoria aangestel, in die Departement Kerkgeskiedenis. Die NHKA onderhandel met die Universiteit (Fakulteit Teologie) 'n tydelike deeltydse aanstelling in Dogmatiek. 'n Advertensie met betrekking tot die aanstelling geskied in die NHKA en die aanstelling word in lyn met die kerkordelike bepalings en riglyne afgehandel. Lede van die Hervormde Dosentevergadering bevestig dat die Universiteit geen beperkinge stel in terme van die betrokke aanstelling nie.
  - Die kontrak met **dr Christo van der Merwe** (wat op 11 Mei 2014 emeriteer) as hoof van die Hervormde Teologiese Kollege word verleng tot 31 Desember

2014. 'n Nuwe deeltydse ooreenkoms vir die periode 31 Mei 2014 tot 31 Desember 2014 word met dr Van der Merwe onderhandel. Die Kommissie besluit om dr Van der Merwe se kontrak na 31 Desember 2014 op deeltydse basis vir 'n verdere periode van 12 maande te verleng.

- Die Kommissie neem kennis dat **di Willem Barnard, Rita de Kock, Ben Erasmus, Herman Gothan, Arno Nieuwhof, Johan van Greunen, Dirk van Rooyen en Johan van Wyk** bedank het en dus nie meer ampsvoorreg geniet nie. Omsendskrywe 5/2014 bevat 'n lys van almal wat sedert September 2011 bedank het.
- Die Akte van Ontheffing is kragtens Ordinansie 2.1.12.2 (vi) aan **ds Adriaan Benadie** uitgereik met onmiddellike effek. Hy geniet dus ook nie meer ampsvoorreg nie.
- Die Kommissie het die **Kerkorde** soos gewysig deur die 70ste AKV goedgekeur en die nuwe Kerkorde is dus met onmiddellike effek van krag. Dit word tans gedruk en sal ook so spoedig moontlik op die Kerk se webblad beskikbaar wees.
- Die Kommissie het besluit om die **Besluitebundel** van die 70ste AKV nie in gedrukte vorm aan gemeentes beskikbaar te stel nie, maar slegs elektronies. Gemeentes wat dit graag in gedrukte vorm wil hê, kan dit teen **R25 plus posgeld** bestel by mev Susann van Zyl, by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za**.
- Die beheer oor en bestuur van die ***To Care Foundation*** word aan die Algemene Diakensvergadering oorgedra. 'n Memorandum van verstandhouding met betrekking tot laasgenoemde word tussen die ADV en die huidige direksie van die ***To Care Foundation*** gefinaliseer. Die konstitusie van die ***To Care Foundation*** bepaal dat die Kommissie drie direkteure van die artikel 21-maatskappy benoem. Die Kommissie besluit om dié verantwoordelikheid aan die Kommissie van die ADV te delegeer. Die volhoubaarheid van die diakonale fondse vir die diensorgane van die NHKA word onder *Projek 21* verder bestuur.
- Al die **projekspanne** wat verantwoordelik is vir die uitvoer van opdragte van die 70ste AKV het projekplanne aan die Kommissie voorgelê. 'n Groot hoeveelheid werk is reeds gedoen en die Kommissie het sinvolle bespreking gevoer oor hul voorleggings. Al die spanne is hard aan die werk om hul take betyds af te handel, en daar sal mettertyd aan die Kerk terugvoer gegee word oor die vordering van die verskillende projekspanne.
- Die Kommissie neem kennis dat **ds Deirdre van der Merwe** wat in die kombinasie Bethlehem/Reitz werksaam is (konsulent van Gemeente Harrismith), met die oorblywende lidmate van **Gemeente Harrismith** op 24 Februarie ooreengekom het dat sy hulle vir drie maande pastoraal sal bedien, waarna 'n finale besluit oor die voortbestaan van die gemeente geneem sal word. Dié aangeleentheid word na die Moderamenvergadering van Julie vanjaar verwys vir afhandeling.
- **Gemeente Gobabis** se versoek om die gemeente voortaan op deeltydse basis te laat bedien, word goedgekeur.
- Die stigting van **Gemeente Riebeeckstad** op 25 Februarie 2014 word met dank goedgekeur.
- Dr Frikkie Labuschagne woon **ds Casper du Plessis** van Odendaalsrus/Hennenman se emeritaataanvaarding op 30 Maart 2014 by namens die Kommissie.
- **Gemeente Van Der Hoff** wy hul nuwe kerkgebou in op 13 April 2014. Ds Johan du Preez sal die hoeksteen onthul, waarna sy vrou die kerk sal oopsluit en die prediking deur hom en ds Daan Smit gelei sal word. Oudl Anton Valks woon dié geleentheid namens die Kommissie by.
- Die Kommissie besluit om as stemgeregtigde lid (A2-kategorie) by die **Erfenisstigting** aan te sluit. Daar vind reeds goeie skakeling plaas, spesifiek met betrekking tot die uitruil van kundigheid, die aanwending van fasiliteite en inligtingstelsels, en die inrigting en bestuur van die SP Engelbrecht-museum.
- Die Kommissie benoem **di Attie Hattingh** van Gemeente Krugersdorp-Noord

en **Charlene van der Merwe** (beroepafwagtend en tans in Richardsbaai) vanuit die perspektief van die NHKA as lede van die **Komitee vir Bybelverspreiding**.

- **LITIGASIE.** Die Adjunk-Regterpresident het 'n regter opdrag gegee om die verskillende hofsake te bestuur sodat dit so spoedig moontlik afgehandel kan word. Die twee partye se regspanne het nou reeds by twee geleenthede onder voorsitterskap van die Regter ontmoet en ontmoet weer op 25 Maart 2014. Die wegbreekgroep het 'n lang dokument ingedien waarin hulle hul standpunte uiteensit. Die Kerk se dokument wat uiteensit hoe ons voorstel die geskille besleg behoort te word, is gefinaliseer. Al die geskille moes oorweeg word, en dit is 'n proses wat ongelukkig tyd neem. Op die oog af is die partye se voorstelle nog ver van mekaar af. Die Kerk se opdrag aan sy regspan is om alles in hul vermoë te doen om die saak voor die hof te kry. Ondertussen word alle redelike stappe geneem om te voorkom dat verdere eiendomme oorgedra word. Die Kerk ondersteun die lidmate en gemeentes wat van hul eiendom ontneem is, vanuit 'n bestaande kapitaalfonds en nié uit sinodale offergawes (heffing) nie. Verder het die 70ste AKV ''n litigasiefonds geskep waartoe lidmate en gemeentes kan bydra om ***medelidmate*** te help om die regsaksie te bekostig sodat dit ook nie nodig is om die Kerk se kapitaalfonds hiervoor in te span nie. Mense wat 'n bydrae tot dié fonds wil maak, kan die administrateur, mnr Elmar Struwig, kontak.

- **VAN DER HOFF TEOLOGIESE STUDENTEVERENIGING**
  90-jaar-feesvieringe: Herdenking van die ontstaan van Van der Hoff
  Maandag 24 Maart om 18:00 te SP Engelbrecht-museum (Gemeente Pretoria)
  Formele foto sal geneem word – dus 'n vriendelike versoek vir formele drag
  Kontak die Praeses, Elmien Knoetze, by 079 490 4745
  of e-pos Van der Hoff by **vdhstudente@gmail.com**

Nuwe Testament en Psalms

- Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** nooi alle lidmate in die **noorde van die land** vriendelik uit na 'n bekendstellingsgeleentheid van die *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling* op Woensdag 9 April om 19:00 in die kerkgebou van die AGS Kaleideo gemeente te Fiskaalstraat 32, Glen Marais, Kempton Park. 'n Aand van voorlesing en musiek word beplan (die TUKS Camerata-koor van Pretoria sal onder andere optree). Lede van die Redaksionele Komitees en ander medewerkers aan hierdie vertaling sal ook by die geleentheid teenwoordig wees en die vertaling sal te koop wees (R35 vir die standaard hardebanduitgawe en R99 vir die verwerkteleeruitgawe met goud-op-snee en duimindeks). Die program behoort nie langer as 'n uur te duur nie. Die kleredrag is netjies informeel.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Die ses Sondae van die Lydenstyd is vanjaar 9, 16, 23 en 30 Maart en 6 en 13 April. Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor die **vierde Sondag van die Lydenstyd (*Laetare*) – 30 Maart.** "Die naam van die vierde Sondag van die Lydenstyd word afgelei van die eerste woorde van die Latynse weergawe van Jesaja 66: 10: *Wees bly saam met Jerusalem en juig saam met haar.* Op hierdie Sondag in die Lydenstyd jubel en juig die kerk omdat daar vir 'n oomblik verby die lyding en kruis gekyk word na die nuwe lewe wat danksy Christus se opstanding 'n werklikheid geword het. Dit sal goed wees as daar op tekste gekonsentreer kan word wat die nuwe lewe op 'n indirekte wyse ter sprake bring, soos Johannes 12: 25-26 en 1 Johannes 1: 1-4. Op hierdie Sondag kan die gemeente weer haar lofliedere sing."

- Die **Ringsvergadering van Potchefstroom** vind op 4 en 5 Mei plaas, en nie op 11 en 12 Mei soos vroeër aangedui nie. (Sien volledige lys na *beplande vergaderings*.)

armoede werkgroep armoede

- **ADV SE JAAR VIR ARMOEDE**. Armoede is nie net materieel van aard nie. *Opvoedkundige armoede* (waar mense nie kan lees nie, of nie meer kan lees nie) en *verstandelike armoede* (nie almal het toegang tot die internet of boeke

nie) is mens onterende toestande. Oorweeg om vir mense voor te lees, begin 'n boekeklub waar inspirerende tekste voorgelees en opvoedkundige onderwerpe soos kinderopvoeding, huweliksgeluk, my doel in die lewe, ensovoorts, bespreek word. Beplan saam wat die behoefte is en stimuleer mense. Rekenaaropleiding kan in sommige gevalle aangebied word. Bemagtig mense en help hulle om die kettings van armoede te breek. Kontak ds Martin Jansen van Rensburg van die Werkgroep vir Armoede by **mvr2@telkomsa.net** indien jy by hierdie belangrike opdrag betrokke wil raak.

- Die ***Welstandsprogram vir predikante en hul gesinne*** is elektronies beskikbaar op die Kerk se webblad (**www.nhka.org**) onder So werk ons → Toerusting → Kursusse, oftewel **http://www.nhka.org/index.php/so-werk-ons-11/toerusting497/kursusse.html**. Die gids kan ook in **hardekopieformaat** aangekoop word van mev Susann van Zyl in die SENTIK-boekwinkel, teen R30 per eksemplaar (posgeld uitgesluit). Kontak haar by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za**.

- **In April se kerklike publikasies:**
  - *Konteks*
    Die laaste onderhoud met Rowan Cronje
    Kry inligting vir vanjaar se Bybelvasvra
    Maak kennis met die ring van Waterberg
  - *Die Hervormer*
    Die wrede werklikheid van die kruis
    My offergawe – mý verantwoordelikheid
    Die misterie van God se verhouding met ons

  Albei publikasies is nou beskikbaar

- **Gemeente Verwoerdburg** het bediening in plek wat siekes by **Unitas** besoek. Indien u van iemand weet (veral Hervormde lidmate) wat behoefte aan besoek het, kan u die gemeente se kerkkantoor kontak. Skakel 012 664 2044 tydens kantoorure 08:30-13:00.

Allegaartjie

Boereraat: Stoot 'n muntstuk oor die vel van die baba en daar waar dit nie afval is, is die seerplek. Smeer dan die hele ou lyfie met olyfolie of soetolie waarby so drie tot vyf druppels bloekomolie gevoeg is en kyk, baba slaap heerlik! *(Die redaksie maak geen uitspraak oor die medisinale waarde van hierdie raat nie...)*

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 Maart, en word hartlik geluk gewens.**

o Donderdag 20 Maart:	Di JS (Hannelie) Botha (beroepafwagtend), PA (André) Harmzen (buiteland) en LMP (Lou) Swanepoel (emeritus)
o Vrydag 21 Maart:	Ds JH (Heinrich) Botha (Evander) en PP (Paul) Jooste (emeritus)
o Sondag 23 Maart:	Ds FB (Bernie) Sneygans (Hartebeestpoort)
o Maandag 24 Maart:	Ds JM (Janine) Bevolo-Manders (Witfontein)
o Dinsdag 25 Maart:	Ds BJ (Barnie) van der Walt (Bybelgenootskap)
o Woensdag 26 Maart:	Di DJP (Dirk) Stoltz (emeritus) en AM (Anton) Swanepoel (emeritus)
o Donderdag 27 Maart:	Ds JBMH (Barry) van Schalkwyk (Drie Riviere-Oos)
o Vrydag 28 Maart:	Di LJ (Lorret) de Leeuw (Hendrina), MD (Mariët) Robbertze (Magaliesmoot) en JJ (Jaco) van Sittert (Randburg)

Beplande vergaderings

- Donderdag 20 Maart: Redaksie van *Die Hervormer*
  ADV Finkom
  Direksie van Ons Tuis
- Dinsdag 25 Maart: Argiefkomitee
- Donderdag 27 Maart: OSR Bestuursvergadering

Ringsvergaderings 2014

RING	VERGADERPLEK	DATUMS
BLOEMFONTEIN	Queenstown	24 Mei
BOTHAVILLE	Bothaville	7 Junie
BRAKPAN	Selcourt	25 Mei
BRONKHORSTSPRUIT	Delmas	9 Junie
CHRISSIESMEER	Bethal	27 Mei
DORSLAND	Outjo	16 + 17 Mei
GERMISTON	Groeneweide	11 Mei
HEIDELBERG	Memel/Standerton	10 Mei
HEILBRON	Bethlehem	31 Mei
JOHANNESBURG	Turffontein	24 Mei
KLERKSDORP	Doringkruin	11 Mei
KROKODILRIVIER	Brits	19 Mei
KRUGERSDORP	Magaliesburg	11 Mei
LAEVELD	Kampersrus	21 Junie
LOSBERG	Westonaria	21 Junie
LYDENBURG	Malelane	6 Junie
MAQUASSI	Delareyville	10 Junie
MIDDELBURG	Waterval-Boven	3 Junie
NOORDELIKE NATAL	Utrecht	21 Junie
NOORDELIKE PTA	Montana-Oos	9 + 10 Mei
NOORD-KAAPLAND	Vaalharts	10 Mei
OOS-KAAPLAND	Port Elizabeth	17 Mei
PIETERMARITZBURG	Richardsbaai	10 Mei
POTCHEFSTROOM	Potchefstroom-Suid	4 + 5 Mei
POTGIETERSRUS	Koedoesrand	10 Mei
PRETORIA	Philadelphia	12 Mei
PRETORIA-NOORD	Noordwestelike Pretoria	1 Junie
PRETORIA-WES	Olifantsfontein	4 tot 6 Mei
ROODEPOORT	Horison Roodepoort	8 + 9 Junie
RUSTENBURG	Jac van Belkum	18 Mei
SWELLENDAM	Swellendam	10 Mei
TRICHARDTSFONTEIN	Secunda	25 Mei
VEREENIGING	Vanderbijlpark	11 Mei
WATERBERG	Naboomspruit	4 Junie
WES-KAAPLAND	Bellville	24 Mei
ZEERUST	Mafeking	17 Mei
ZOUTPANSBERG	Welgelegen-Pietersburg	3 Junie
ZUURFONTEIN	Kempten	10 Mei

Kursusse en toerusting

- **HTK: Gesprek met die Bybel**
  Woensdagaand 16 April om 19:00
  Van Selms-leeskamer, Fakulteit Teologie, UP
  Tema: *Het die kerk historiese-Jesus-navorsing nodig?*
  Alle belangstellendes welkom

Prof Elsabé Kloppers

- **DIPLOMA IN HIMNOLOGIE EN LITURGIE**
  Hierdie Diploma bied ’n uitstekende geleentheid om meer oor die erediens en die kerklied te leer – daarvan kan almal getuig wat die kursus reeds gedoen het. Dit is veral sinvol waar die predikant, orrelis en sangleiers in ’n gemeente dit gesamentlik bywoon. Die volgende kursus begin op **12 April 2014** en vind in **Pretoria** plaas. Dit loop oor twee jaar en daar is drie byeenkomste per jaar. Die koste is R900 per jaar. Kerkrade word versoek om die koste vir hul predikante en orreliste te help dra. Belangstellendes kan met prof Elsabé Kloppers kontak maak by **kloppec@unisa.ac.za** of **elsabekloppers@gmail.com**.

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis-Monumenttehuise
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **2-slaapkamer-woonregwoonstel te Frans Boshoff (Brooklyn)**
  Prys: R358 800
  Die eenheid is op die 1ste vloer van FB2
  en het ’n klein balkon by die sitkamer
  Hierdie is rustige area en naby winkelsentrums
  Kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2014: 16-18 Mei**
  Vir dames van alle gemeentes
  By Paradeisos-kampterrein, naby Kameeldrift, ongeveer 30 km buite Pretoria
  Tema: *Wat is nuus?*
  Temavers: Jesaja 25: 7a (NLV):
  Hoe mooi klink die voetstappe op die berge van hulle wat goeie nuus bring...
  Sprekers: Di Janine Bevolo-Manders en Antionette Janse van Rensburg
  Kampgelde R550 per persoon
  Navrae aan Jana Peenze by 083 734 5426 / **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 / **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943
  Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
  Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer vir volledige inligting en besprekingsvorm

- **Kom toer saam deur Israel**
  Toerleier: Ds Fanie Beukes (NHKA Wesmoot)
  Datum: 23 November tot 1 Desember
  Navrae aan ds Fanie by 073 167 1183 / **faniebeukes@yahoo.com**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Hartebeeshoek: Gesinsgeweldfonds**
  Na die verskriklike trauma wat Ina Bonnette van Nylstroom in 2012 deurgegaan

het, gesels sy graag met mense oor haar reis. Ina is self 'n NHKA-lidmaat. Kom luister hoe sy 'n verhaal van hoop met ons deel.
Sondag 30 Maart om 18:00
R40 ('n gedeelte van die geld word deur Ina gebruik om kinder- en vrouegeweld te bekamp – die res sal gebruik word vir die stigting van Hartebeeshoek se Gesinsgeweldfonds)
NHK Hartebeeshoek, hv Plantain- en Oaklandsstraat, The Orchards, Akasia
Kontak ds Cobus Jansen van Nieuwenhuizen by 082 370 5038
of **cobusjvn@silverliningits.com**

- **Gemeente Hartebeeshoek: Pretdraf/stap by Fonteine**
  Saterdag 12 April (hekke open om 06:00, stap/draf begin stiptelik om 07:00)
  5 km en 10 km
  Inskrywings: 5 km = R30; 10 km = R40
  Te koop: vetkoek-en-maalvleis, pannekoek, koffie, tee, koeldrank
  Kontantpryse en kleiner trekkings
  Navrae: Elma Williams 082 562 5244 / Brian Williams 082 417 4482
  Hierdie is 'n *winterwarmerprojek*: Bring asseblief 'n kombers saam sodat ons 'n persoon wat minderbevoorreg is, kan help

- **Gemeente Naboomspruit: Naboom Fiesta 19 April**
  Ons is op soek na die Bosveld se beste storieverteller
  As jy 'n mooi storie het om te vertel, kontak die organiseerders
  Groot pryse te wen
  Kontak Jan Claassen by **two.oceans@yahoo.com** / 084 400 5137
  of Rene van Tonder by **fiesta@nhknaboomspruit.co.za**

ANDER NUUS

Ds Dirk Gevers

- **Ds Dirk Gevers** (52) is as die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika se nuwe uitvoerende hoof** aangewys. Ds Gevers sal die pos vanaf 1 Desember 2014 beklee. Hy volg ds Gerrit Kritzinger op wat op 30 November 2014 na byna 25 jaar diens by die Bybelgenootskap die tuig neerlê. Dirk Gevers is 'n geordende leraar van die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa en reeds sewe jaar in diens van die Bybelgenootskap – eers as organiserende sekretaris in die KwaZulu-Natal (Suid) Streek en vanaf 2009 as streekhoof daar. Dirk Gevers is getroud met Louise en die egpaar het drie volwasse kinders.

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Liewe Here,
wees tog goedhartig teenoor my:
Die see is so groot
en my bootjie so klein.
(Gebed van 'n visserman uit Breton, uit die eerste eeu na Christus)

Uit: *Prayers through the centuries* – Nancy Martin, Bishopsgate Press, 1999

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx